



# Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 461

Cape Town,  
Kaapstad,

26 November 2003

**No. 25762**

## THE PRESIDENCY

No. 1731

26 November 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 24 of 2003: Mining Titles Registration Amendment Act, 2003.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 1731

26 November 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 24 van 2003: Wysigingswet op die Registrasie van Myntitels, 2003.**



**AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

                     Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President.)*  
*(Assented to 21 November 2003.)*

**ACT**

To amend the Mining Titles Registration Act, 1967, so as to substitute, add or delete certain definitions; to re-regulate the registration of mineral and petroleum titles and other rights connected therewith and certain other deeds and documents; to effect certain amendments necessary to ensure consistency with the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002; and to repeal obsolete provisions; to amend Deeds Registries Act, 1937, so as to remove certain functions relating to the registration of rights to minerals from the ambit of the Act; and to provide for matters connected therewith.

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 16 of 1967, as amended by section 1 of Act 14 of 1991 and substituted by section 1 of Act 60 of 1980**

1. Section 1 of the Mining Titles Registration Act, 1967 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

- (a) by the substitution for the expression “Mining Rights Act, 1967”, where it appears before the definitions, of the expression “Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002”;
- (b) by the deletion of the definitions of “bewaarplaats”, “certificate of bezitrecht”, “certificate of reservation of a trading site”, “holder”, “mining title”, “nomination agreement”, “permit to retain and treat residues”, “prospecting contract”, “stand title”, “surface right permit”, “tributing agreement” and “water right”;
- (c) by the insertion after the definition of “court” of the following definitions:
 

“ ‘Department’ means the Department of Minerals and Energy;  
 ‘diagram’ means a document containing geometrical, numerical and verbal representations of a piece of land, line, feature or area forming the basis for registration of a real right and which has been signed by a person recognised under any law then in force as a land surveyor, or which has been approved, confirmed or certified by the office of the Surveyor-General, and includes a diagram or copy prepared in the office of the Surveyor-General which has been so approved, confirmed or certified;  
 ‘Director-General’ means the Director-General of the Department;  
 ‘exploration right’ means a right granted in terms of section 80 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;  
 ‘government’ includes the national government, and any provincial and local government.”;

WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNTITELS, 2003

Wet No. 24, 2003

## ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

\_\_\_\_\_ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken.)  
(Goedgekeur op 21 November 2003.)

## WET

Tot wysiging van die Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967, ten einde sekere woordskrywings te vervang, in te voeg of te skrap; die registrasie van mineraal- en petroleumtitels en ander verbandhoudende regte en sekere ander aktes en dokumente opnuut te reël; sekere wysigings aan te bring wat nodig is om ooreenstemming met die “Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002”, te verseker; en verouderde bepalings te herroep; tot wysiging van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, ten einde sekere funksies wat met die registrasie van regte op minerale verband hou van die bestek van die Wet te verwyder; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**D**AAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 16 van 1967, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 14 van 1991 en vervang deur artikel 1 van Wet 60 van 1980

1. Artikel 1 van die Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— 5

- (a) deur die uitdrukking “Wet op Mynregte, 1967” waar dit voor die woordskrywing verskyn, deur die uitdrukking “ ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ ” te vervang;
- (b) deur die omskrywings van “benoemingsooreenkoms”, “bewaarplaas”, 10  
“houer”, “myntitel”, “oppervlakteregpermit”, “permit om residu’s te behou en te handel”, “prospekteerkontrak”, “sertifikaat van besitreg”, “sertifikaat van voorbehoud van ’n handelsterrein”, “skatpligtige ooreenkoms”, “standplaastitel” en “waterreg” te skrap;
- (c) deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van “hierdie Wet” in te 15  
voeg:

“ ‘Departement’ die Departement van Minerale en Energie;

‘diagram’ ’n dokument wat geometriese, getals- en woordvoorstellings van ’n stuk grond, lyn, kenmerk of gebied wat as grondslag vir die registrasie van ’n saaklike reg dien, bevat en wat onderteken is deur iemand wat kragtens ’n dan 20  
geldende wet erken is as ’n landmeter of wat goedgekeur, bekragtig of gesertifiseer is deur die kantoor van die Landmeter-generaal, en ook ’n diagram of afskrif voorberei in die kantoor van die Landmeter-generaal en wat as sodanig goedgekeur, bekragtig of gesertifiseer is;

‘Direkteur-generaal’ die Direkteur-generaal van die Departement; 25

‘eksplorasiereg’ ’n reg wat ingevolge artikel 80 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, toegeken is.”.

## Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003

- (d) by the substitution for the definition of "Master" of the following definition:  
 " 'Master' [ , in relation to any matter,] means the Master, Deputy Master or Assistant Master of the [Supreme] High Court having jurisdiction in respect of that matter;" ;
- (e) by the insertion after the definition of "Master" of the following definitions: 5  
 " 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 means the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002);  
 'mineral title' means any deed or document registered in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office evidencing the right to prospect, mine, possess, trade or deal granted or acquired under the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, or any other law; 10  
 'mining permit' means a permit granted in terms of section 27 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;  
 'mining right' means a right granted in terms of section 23 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002; 15  
 'Minister' means the Minister of Minerals and Energy;" ;
- (f) by the substitution for the definition of " 'mortgage bond' or 'bond' " of the following definition:  
 " 'mortgage bond' or 'bond' means a mortgage bond attested by the Director-General specially hypothecating any right granted or which remains in force in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;" ; 20
- (g) by the insertion before the definition of "prescribed" of the following definitions: 25  
 " 'petroleum title' means any deed or document registered in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office evidencing the right granted to explore or produce petroleum granted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;  
 'plan' means a prescribed sketch plan or locality plan defining the area for a right granted or issued for exploration, prospecting, reconnaissance, retention or a mining permit;" ; 30
- (h) by the insertion after the definition of "prescribed" of the following definitions: 35  
 " 'production right' means a right granted in terms of section 84 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;  
 'prospecting right' means a right granted in terms of section 17 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;  
 'reconnaissance permission' means permission granted in terms of section 14 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002; 40  
 'reconnaissance permit' means a permit issued in terms of section 75 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;" ;
- (i) by the insertion before the definition of "right" of the following definition: 45  
 " 'retention permit' means a permit issued in terms of section 32 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;" ;
- (j) by the substitution for the definition of "right" of the following definition: 50  
 " 'right' means any right held by or under any deed and registered or capable of being registered in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;" ; and
- (k) by the insertion after the definition of 'surface right permit' of the following definition: 55  
 " 'technical co-operation permit' means a permit issued in terms of section 77 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;" .



WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNTITELS, 2003

Wet No. 24, 2003

- (d) deur die omskrywing van “Meester” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “ ‘Meester’ [, met betrekking tot enige aangeleentheid,] die Meester, Adjunk-meester of Assistent-meester van die [Hooggeregshof] Hoë Hof wat regsbevoegdheid ten opsigte van daardie aangeleentheid het;”;
- (e) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “Meester” in te voeg:  
 “ ‘mineraaltitel’ enige akte of dokument in die Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels geregistreer wat dien as bewys van die reg om te prospekter, te ontgin, te besit, sake te doen of handel te dryf wat kragtens die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ toegeken of verkry is;  
 ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ (Wet No. 28 van 2002);  
 ‘Minister’ beteken die Minister van Minerale en Energie;  
 ‘mynpermit’ ’n permit ingevolge artikel 27 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ toegeken;  
 ‘mynreg’ ’n reg ingevolge artikel 23 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ toegeken;”;
- (f) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “notaris” in te voeg:  
 “ ‘petroleumtitel’ enige akte of dokument in die Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels geregistreer wat dien as bewys van die reg om na petroleum te eksploreer of dit te produseer wat ingevolge die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ toegeken is;  
 ‘plan’ ’n voorgeskrewe sketskaart of liggingsplan wat die gebied omskryf vir ’n reg toegeken of uitgereik vir eksplorاسie, prospektering, verkenning, retensie of ’n mynpermit;  
 ‘produksiereg’ ’n reg ingevolge artikel 84 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, toegeken;  
 ‘prospekteerreg’ ’n reg ingevolge artikel 17 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, toegeken;”;
- (g) deur die omskrywing van “reg” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “ ‘reg’ ’n reg gehou uit hoofde van of kragtens ’n akte en wat geregistreer is of in staat is om geregistreer te word ingevolge die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’;”;
- (h) deur die volgende omskrywings na die omskrywing van “reg” in te voeg:  
 “ ‘regering’ ook die nasionale regering en provinsiale en plaaslike regerings;”;  
 ‘retensiepermit’ ’n permit ingevolge artikel 32 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, uitgereik;”;
- (i) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “standplaastitel” in te voeg:  
 “ ‘tegniese samewerkingspermit’ ’n permit ingevolge artikel 77 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, uitgereik;”;
- (j) deur die omskrywing van “ ‘verbandakte’ of ‘verband’ ” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “ ‘verbandakte’ of ‘verband’ ’n verbandakte deur die Direkteur-generaal geattesteer waarby enige reg wat toegeken is of wat van krag bly ingevolge die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ spesiaal verhipotekeer word;”;
- (k) deur die volgende omskrywings voor die omskrywing van “voorgeskryf” in te voeg:  
 “ ‘verkenningstoestemming’ ’n toestemming ingevolge artikel 14 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, verleen;  
 ‘verkenningspermit’ ’n permit ingevolge artikel 75 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, uitgereik;”;
- (l) deur die woorde “kaart” en “kaarte”, waar hulle ook al in hierdie Wet voorkom, deur onderskeidelik “diagram” en “diagramme” te vervang.

**Substitution of section 2 of Act 16 of 1967**

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

**“Mineral and Petroleum Titles Registration Office**

2. (1) The Mineral and Petroleum Titles Registration Office is hereby established and is the office for the registration of all mineral and petroleum titles and all other related rights, deeds and documents for the registration of which provision is made in this Act or any other law. 5

(2) All mineral titles and petroleum titles, deeds and documents lodged for registration in the Mining Titles Office after the commencement of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, shall be dealt with in terms of this Act. 10

(3) Any reference in this Act or any law to the Mining Titles Office must be regarded as a reference to the Mineral and Petroleum Titles Registration Office. 15

(4) The registration of a right in terms of this Act in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office shall constitute a limited real right binding on third parties. 20

(5) Any registration or recording in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office must comply with section 11 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002.”

**Amendment of section 3 of Act 16 of 1967, as substituted by section 3 of Act 14 of 1991**

3. Section 3 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion in subsection (1) of paragraph (a);

(b) by the substitution in subsection (1) for paragraph (b) of the following paragraph: 25

“(b) the Director-General [**may appoint or**] must designate one or more officers [**employed at the Mining Titles Office who shall have the power, subject to the provisions of this Act and to the directions of the Director-General, to do any act or thing which may lawfully be done**] in the service of the Department to perform the functions delegated or assigned under this Act or any other law [**by the Director-General**].” ; and 30

(c) by the deletion of subsection (2).

**Substitution of section 4 of Act 16 of 1967**

4. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

**“Seal of office**

4. The Director-General shall have a seal of office which shall be affixed to all deeds or documents executed, attested or registered by him or her, and to all copies of deeds or documents issued by him or her to serve in lieu of the original deeds or documents.”. 40

**Amendment of section 5 of Act 16 of 1967, as substituted by section 2 of Act 60 of 1980**

5. Section 5 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (a), (b), (c), (d) and (e) respectively, of the following paragraphs: 45

“(a) take charge of and preserve all records [**which prior to the commencement of this Act were or after such commencement may become records**] of the [**Mining Titles Office**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office: Provided that the Director- 50

**Vervanging van artikel 2 van Wet 16 van 1967**

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels**

2. (1) Die Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels word hierby ingestel en is die kantoor vir die registrasie van alle mineraal- en petroleumtitels en van alle verwante regte, aktes en dokumente vir die registrasie waarvan in hierdie Wet of enige ander wetsbepaling voorsiening gemaak word. 5
- (2) Daar word met alle mineraal- en petroleumtitels, aktes en dokumente wat na die inwerkingtreding van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’ by die Mynbriewekantoor vir registrasie ingedien is, ingevolge hierdie Wet gehandel. 10
- (3) Enige verwysing na die Mynbriewekantoor in hierdie Wet of enige wet word geag ’n verwysing na die Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels te wees. 15
- (4) Die registrasie van ’n reg ingevolge hierdie Wet in die Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels maak ’n beperkte saaklike reg uit wat bindend is op derde partye.
- (5) ’n Registrasie of optekening in die Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels moet voldoen aan artikel 11 van die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’.”. 20

**Wysiging van artikel 3 van Wet 16 van 1967, soos vervang deur artikel 3 van Wet 14 van 1991**

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig— 25
- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) te skrap;
- (b) deur paragraaf (b) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: 30
- “(b) [kan] moet die Direkteur-generaal een of meer beamptes in die diens van die Departement [by die Mynbriewekantoor aanstel of] aanwys [wat, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die opdragte van die Direkteur-generaal, bevoeg is] om [enige handeling te verrig of enigets te doen wat wettig deur die Direkteur-generaal] die werksaamhede ingevolge hierdie Wet of ander wetsbepalings gedelegeer of opgedra te verrig [of gedoen kan word].”; en
- (c) deur subartikel (2) te skrap.

**Vervanging van artikel 4 van Wet 16 van 1967** 35

4. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**“Ampseël**

4. Die Direkteur-generaal het ’n ampeël wat gehag moet word aan alle deur hom of haar verlyde, geattesteerde of geregistreerde aktes of dokumente en aan alle kopieë van aktes of dokumente deur hom of haar uitgereik om in die plek van die oorspronklike aktes of dokumente te dien.”. 40

**Wysiging van artikel 5 van Wet 16 van 1967, soos vervang deur artikel 2 van Wet 60 van 1980**

5. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig— 45
- (a) deur paragrawe (a), (b), (c), (d) en (e) van subartikel (1) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:
- “(a) alle stukke [wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet stukke] van die [Mynbriewekantoor was of na daardie inwerkingtreding 50
- stukke van daardie Kantoor word,] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels onder sy of haar sorg neem en bewaar: Met dien verstande dat die Direkteur-generaal, met behoorlike inagneming van

## Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003

General may, with due regard to any regulations made under section 10(1)(k), destroy or otherwise dispose of any record which has been cancelled in terms of this [section] Act or any other law;

- (b) examine all deeds, diagrams, plans or other documents submitted to him or her for execution, registration, recording, noting or filing **[of record in his office, and after examination reject any such deed, plan or other document in the execution, registration, recording, noting or filing of which is not permitted by this Act or by any other law or to the execution, registration, recording, noting or filing of record of which any other valid objection exists: Provided that no such deed, plan or document shall be required to be examined in its entirety before being rejected]** in his or her office; 5
- (c) register all **[mining titles and stand titles, bewaarplaatsen, certificates of bezitrecht, certificates of owner's reservation, certificates of reservation of trading sites, certificates of title in respect of mining claims, certificates of water reservation for owners, diagrams, grants of machinery sites, grants of water rights, mynpacht-brieven, permits to retain and treat residues, prospecting licences, plans and surface right permits,] rights granted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, and generally all documents evidencing title which by law[, established custom or usage] are proper for registration in the [Mining Titles] Mineral and Petroleum Titles Registration Office;** 15
- (d) register **[nomination agreements]** prospecting, exploration, production, mining and related rights and any cession, renewal, modification, amendment, abandonment or cancellation or lapsing of **[a] such registered [nomination agreement] rights;** 20
- (e) register **[mining]** leases and sub-leases of any right granted under any law relating to exploration, production, prospecting and mining **[for precious metals, base minerals or natural oil]** and any transfer, cession, amendment, modification, abandonment, lapsing or cancellation of any such lease or sub-lease;"; 25
- (b) by the deletion in subsection (1) of paragraph (f); 30
- (c) by the substitution in subsection (1) for paragraph (l) of the following paragraph: 35
  - “(l) register any servitude over any right capable of being encumbered by servitude by virtue of the provisions of any law relating to prospecting and mining, and **[record]** endorse any amendment, modification, abandonment or extinction of any registered servitude;”;
- (d) by the substitution in subsection (1) of paragraphs (m) and (n) of the following paragraphs, respectively: 40
  - “(m)register all notarial contracts relating to any rights granted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002; 45
  - (n) register any notarial variation, renewal or cancellation of such contracts;”;
- (e) by the substitution in subsection (1) for paragraph (p) of the following paragraph: 50
  - “(p) register powers of attorney whereby the agents named therein are authorized to act generally for the principals, or to carry out a series of **[acts or]** transactions registerable in the **[Mining Titles] Mineral and Petroleum Titles Registration Office**, and register copies of any such powers registered in a deeds registry, which have been certified 55 by the **[Director-General]** registrar thereof or have been issued for the purpose of being acted upon in the **[Mining Titles] Mineral and Petroleum Titles Registration Office** by a Registrar or Master of the **[Supreme] High Court of South Africa [or a mining commissioner in his capacity as a registration officer];”;** 60



WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNTITELS, 2003

Wet No. 24, 2003

- enige regulasies kragtens artikel 10(1)(k) uitgevaardig, enige ingevolge hierdie **[artikel]** Wet of enige ander wetsbepaling geroeierde stuk kan vernietig of anders daarvoor kan beskik;
- (b) alle aktes, diagramme, planne of ander dokumente ondersoek wat aan hom of haar vir verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring in sy of haar kantoor voorgelê word [, en na gedane ondersoek so 'n akte, plan of ander dokument afwys waarvan die verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring nie deur hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling veroorloof word nie of teen die verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring waarvan daar 'n ander geldige beswaar bestaan: Met dien verstande dat so 'n akte, plan of dokument nie in sy geheel ondersoek hoef te word alvorens dit afgewys word nie];
- (c) alle [myntitels en standplaastitels, bewaarplase, sertifikate van besitreg, sertifikate van eienaarsvoorbehoud, sertifikate van voorbehoud van handelsterreine, sertifikate van titel ten opsigte van mynkleims, sertifikate van watervoorbehoud vir eienaars, kaarte, toekennings van masjienerieterreine, waterregtoekennings, mynpagbriewe, permitte om residu's te behou en te behandel, prospekterlisensies, planne en oppervlakteregpermitte,] regte ingevolge die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002', toegeken en in die algemeen alle dokumente by wyse van titelbewys uitgereik, registreer wat ingevolge 'n wetsbepaling [, gevestigde gebruik of gewoonte] tereg in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels, geregistreer kan word;
- (d) [benoemingssooreenkomste] prospekteer-, eksplorasië-, produksie-, myn- en verwante regte en enige sessie, hernuwing, verandering, wysiging, opsegging of kansellasië of verval van [ 'n geregistreerde benoemingssooreenkoms] sodanige geregistreerde regte registreer;
- (e) [mynhure] hure en onderverhuringe van enige reg toegeken kragtens 'n wetsbepaling in verband met [die prospekteer na en ontginning van edelmetale, onedele minerale of aardolie] eksplorasië, produksie, prospektering en ontginning en enige oordrag, sessie, wysiging, verandering, opsegging, verval of intrekking van so 'n huur of onderverhuring registreer;"
- (b) deur paragraaf (f) van subartikel (1) te skrap;
- (c) deur paragraaf (l) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(l) 'n serwituut oor 'n reg wat uit hoofde van 'n wetsbepaling in verband met prospektering en ontginning met serwituut beswaar kan word, registreer, en enige wysiging, verandering, opsegging of uitwissing van 'n geregistreerde serwituut [aanteken] endosseer;"
- (d) deur in subartikel (1) paragrawe (m) en (n) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:
- “(m) alle notariële kontrakte registreer wat verband hou met enige regte ingevolge die 'Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002' toegeken;
- (n) enige notariële wysiging, hernuwing of kansellasië van sodanige kontrakte registreer;"
- (e) deur paragraaf (p) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
- “(p) prokurasies registreer waarby die daarin genoemde lashebbers gemagtig word om oor die algemeen namens hul lasgewers te handel of om 'n reeks [handelinge of] transaksies uit te voer wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels registreerbaar is en kopieë registreer van sodanige prokurasies wat in 'n aktekantoor geregistreer is en wat deur die registrateur daarvan gesertifiseer is of deur 'n [Direkteur-generaal] Registrateur of Meester van die [Hooggeregshof] Hoë Hof van Suid-Afrika [of 'n mynkommissaris in sy hoedanigheid van 'n registrasiebeampte] uitgereik is met die doel om in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels gebruik te word;"

## Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003

- (f) by the substitution in subsection (1) for paragraph (r) of the following paragraph:  
“(r) record all notices, returns, statements or orders of court lodged with him or her in terms of any law;”;
- (g) by the substitution in subsection (1) for paragraph (s) of the following paragraph:  
“(s) give notice to the **[mining commissioner]** Regional Manager of any **[mining district of]** registration or recordings effected in relation to any rights in **[that district]** the region concerned;”;
- (h) by the substitution in subsection (1) for paragraph (t) of the following paragraph:  
“(t) record the conversion, renewal, modification, abandonment, lapsing or cancellation of any **[mining title or stand title or of any other]** rights evidenced by any registered title deed **[or by any grant, certificate, permit or licence]** registered, recorded, noted or filed in the **[Mining Titles]** Mineral and Petroleum Titles Registration Office;”;
- (i) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (u) and (v) of the following paragraphs:  
“(u) remove from his or her records, with the approval of the Master and after the lapsing of ten years from the date of entry in such records, any entry made therein, whether before or after the commencement of this Act, in pursuance of the transmission to him or her of a notice of liquidation or an order of liquidation or sequestration;  
(v) record and file all mining permits, retention permits, technical co-operation permits, reconnaissance permits and permissions, financial provisions, approved environmental management plans, approved environmental management programmes and closure certificates issued in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002;”;
- (j) by the deletion of subsection (2).

## Amendment of section 6 of Act 16 of 1967, as amended by section 5 of Act 170 of 1993

## 6. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution in subsection (1) for paragraph (a) of the following paragraph:  
“(a) to require the production of any deeds or documents or of proof **[upon affidavit or otherwise]** of any fact necessary to be established in connection with any matter **[or thing]** sought to be performed or effected in the **[Mining Titles]** Mineral and Petroleum Titles Registration Office;”;
- (b) by the insertion in subsection (1) after paragraph (a) of the following paragraph:  
“(aA) to reject any deed, diagram, plan or other document examined by him or her;”;
- (c) by the substitution in subsection (1) for paragraphs (b), (c), (d) and (e), respectively, of the following paragraphs:  
“(b) to rectify any error in any deed, diagram, plan or other document recorded, noted, registered or filed in the **[Mining Titles]** Mineral and Petroleum Titles Registration Office, **[any error in the name or the description of any person or right mentioned therein or in the conditions affecting any such right, if every person appearing from the deed or other document to be interested in the rectification has in writing consented thereto or the court has ordered such rectification]**; Provided that no such rectification shall be effected which would have the effect of **[transferring]** alienating any right;  
(c) **[under such conditions as may be prescribed,]** to issue certified copies of deeds, diagrams, plans or other documents registered, recorded or filed in the **[Mining Titles]** Mineral and Petroleum Titles Registration Office under such conditions as he or she may prescribe;

WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNTITELS, 2003

Wet No. 24, 2003

- (f) deur paragraaf (r) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(r) aantekening hou van alle kennisgewings, opgawes, state of hofbevele ingevolge ’n wetsbepaling by hom of haar ingedien;”;
- (g) deur paragraaf (s) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(s) aan die [mynkommissaris] Streekbestuurder [van ’n myndistrik] kennis gee van registrasies of aantekeninge met betrekking tot regte in [daardie distrik] die betrokke streek bewerkstellig;”;
- (h) deur paragraaf (t) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(t) aantekening hou van die omskepping, hernuwing, verandering, opsegging, verval of intrekking van [’n myntitel of standplaastitel] [of van ander] enige regte wat bewys word deur ’n geregistreerde titelbewys [of deur ’n toekenning, sertifikaat, permit of lisensie] wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels geregistreer of aangeteken is of daarin bewaar word;”;
- (i) deur paragrawe (u) en (v) van subartikel (1) deur die volgende paragrawe te vervang:  
“(u) met die goedkeuring van die Meester en nadat tien jaar na die datum van inskrywing in sodanige stukke verloop het, ’n inskrywing in sy of haar stukke skrap, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, in opvolging van die deursending na hom of haar van ’n kennisgewing van likwidasie of ’n bevel van likwidasie of sekwestrasie;
- (v) alle mynpermitte, retensiepermitte, tegniese samewerkingspermitte, verkenningpermitte en -toestemmings, finansiële voorsienings, goedgekeurde omgewingsbestuursplanne, goedgekeurde omgewingsbestuursprogramme en sluitingsertifikate uitgereik ingevolge die ‘Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002’, aanteken en bewaar;”;
- (j) deur subartikel (2) te skrap.

## Wysiging van artikel 6 van Wet 16 van 1967, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 170 van 1993

## 6. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:  
“(a) om die voorlegging van aktes of dokumente te eis of om die lewering van bewys [by beëdigde verklaring of andersins] te vorder van enige feit wat bewys moet word in verband met ’n aangeleentheid [of saak] waarvan die verrigting of uitvoering in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels verlang word;”;
- (b) deur die volgende paragraaf na paragraaf (a) van subartikel (1) in te voeg:  
“(aA) om enige akte, diagram, plan of ander dokument te verwerp wat deur hom of haar ondersoek is;”;
- (c) deur paragrawe (b), (c), (d) en (e) van subartikel (1) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:  
“(b) om in ’n akte, diagram, plan of ander dokument wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels aangeteken, [of] genoteer of geregistreer is of daarin bewaar word, ’n fout [betreffende die naam of die beskrywing van ’n daarin vermelde persoon of reg of die voorwaardes van toepassing in verband met so ’n reg] te verbeter [, indien elkeen wat volgens die inhoud van die akte of ander dokument blykbaar by die verbetering belang het, skriftelik daartoe ingestem het of die hof bedoelde verbetering gelas het]: Met dien verstande dat so ’n verbetering wat die [oordrag] vervreemding van ’n reg tot gevolg sou hê, nie aangebring word nie;
- (c) om [op die voorgeskrewe voorwaardes] gesertifiseerde kopieë uit te reik van aktes, diagramme, planne of ander dokumente wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels geregistreer [is,] of aangeteken is of daarin bewaar word[;] op die voorwaardes wat hy of sy voorskryf;

**Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003**

- (d) to require that a certified copy of any deed, diagram, plan or other document be provided to take the place of one that has become unserviceable or illegible;
- (e) to deny access to records in instances that pose a threat to the integrity or security of such records;”;
- (d) by the addition at the end of subsection (1) of the following paragraph:
- “(f) to make an endorsement on his or her own accord on any deed, diagram, plan or document where necessary in terms of this Act.”;
- and
- (e) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:
- “(2) Where any error to be rectified in terms of subsection (1)(b) is common to two or more deeds, diagrams, plans or other documents, including any register in the [Mining Titles] Mineral and Petroleum Titles Registration Office, the error shall be rectified in all those deeds, diagrams, plans or other documents.”.

**Amendment of section 7 of Act 16 of 1967**

7. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsections (1) and (2), respectively, of the following subsections:
- “(1) A registered deed conveying title to any right may not be cancelled by the Director-General except as provided for by law.
- (2) The Director-General shall, upon the cancellation of a registered deed or document conveying title to any right as provided for in subsection (1), make all the necessary endorsements on the deed and related documents under which such right was held immediately prior to the cancellation, and make other entries in the appropriate registers.”;
- and
- (b) by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 8 of Act 16 of 1967**

8. Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2), respectively, of the following subsections:

- “(1) Subject to section 6(1)(e) the Director-General may on such conditions as may be prescribed and upon payment of the prescribed fees, and subject to the Promotion of Access to Information Act, 2000 (Act No. 2 of 2000), permit any member of the public to—
- (a) inspect the public records in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office;
- (b) make copies of or extracts from those records; or
- (c) obtain any other information concerning deeds or other documents registered or filed in that office.
- (2) No fee shall be payable under subsection (1) in respect of any search or inspection made by the sheriff in connection with the performance of his or her functions.”.

**Repeal of section 9 of Act 16 of 1967**

9. Section 9 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 10 of Act 16 of 1967, as amended by section 6(a) and (b) of Act 170 of 1993**

10. Section 10 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:
- “(1) The [board established under section 9] Minister may from time to time make, alter or rescind regulations, not inconsistent with this Act, prescribing—



WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNITTELS, 2003

Wet No. 24, 2003

- (d) om te vereis dat 'n gesertifiseerde kopie van 'n akte, diagram, plan of ander dokument verskaf word wat die plek moet neem van een wat onbruikbaar of onleesbaar geword het;
- (e) om toegang tot stukke te weier in gevalle wat 'n bedreiging vir die egtheid of sekuriteit van sodanige stukke inhou;; 5
- (d) deur die volgende paragraaf teen die einde van subartikel (1) by te voeg:  
“(f) om 'n endossement uit sy of haar eie beweging op enige akte, diagram, plan of dokument waar nodig ingevolge hierdie Wet aan te bring.”;
- (e) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: 10  
“(2) Waar 'n fout wat ingevolge subartikel (1)(b) verbeter staan te word, in twee of meer aktes, diagramme, planne of ander dokumente, met inbegrip van 'n register in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels voorkom, moet die fout in al daardie aktes, diagramme, planne of ander dokumente verbeter word.”.

## Wysiging van artikel 7 van Wet 16 van 1967 15

7. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikels (1) en (2) deur onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:
- “(1) 'n Geregistreeerde akte wat eiendomsreg aan enige reg verleen, mag nie deur die Direkteur-generaal gerojeer word nie behalwe soos by wet voorgeskryf. 20
- (2) Die Direkteur-generaal moet, by die rojering van 'n geregistreeerde akte of dokument wat eiendomsreg aan enige reg verleen soos in subartikel (1) bepaal, al die nodige endossemente op die akte en verbandhoudende dokumente aanbring waarkragtens sodanige reg onmiddellik voor die rojering gehou is en ander inskrywings in die toepaslike registers maak.”; en 25
- (b) deur subartikel (3) te skrap.

## Wysiging van artikel 8 van Wet 16 van 1967

8. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur 30 onderskeidelik die volgende subartikels te vervang:

- “(1) Behoudens artikel 6(1)(e) kan die Direkteur-generaal enige lid van die publiek op die voorgeskrewe voorwaardes en teen betaling van die voorgeskrewe gelde, en behoudens die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet No. 2 van 2000), toelaat om— 35
- (a) die openbare stukke in die Registrasiekantoor vir Mineraal- en Petroleumtitels te inspekteer;
- (b) kopieë van of uittreksels uit daardie stukke te maak; of
- (c) ander inligting te bekom aangaande aktes of ander dokumente in daardie kantoor geregistreer of bewaar. 40
- (2) Geen gelde is kragtens subartikel (1) betaalbaar ten opsigte van enige deursoeking of inspeksie deur die balju gedoen in verband met die verrigting van sy of haar werksaamhede nie.”.

## Herroeping van artikel 9 van Wet 16 van 1967

9. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby herroep. 45

## Wysiging van artikel 10 van Wet 16 van 1967, soos gewysig deur artikel 6(a) en (b) van Wet 170 van 1993

10. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(1) Die [raad kragtens artikel 9 ingestel] Minister kan van tyd tot 50 tyd regulasies wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, uitvaardig, wysig of herroep waarby voorgeskryf word—

## Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003

- (a) the fees of office [(if any)] to be charged in respect of any act[, **matter or thing required or permitted to be done in or in relation to the Mining Titles Office,**] provided for in this Act, including any report made to the court by the Director-General in connection with any application or action to which he or she is not a party; 5
- [(b)]
- (c)[(b)] the time, manner and form in which [**and the qualifications of the person by whom**] any deed, diagram, plan or other document required or permitted to be lodged, registered or filed in the [**Mining Titles**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office shall be prepared, delivered, lodged, executed, registered[, ] or filed [**or delivered and the time within which any deed shall be executed**]; 10
- [(d)](c) [**the particular**] documents which, when produced in the [**Mining Titles**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office, shall be attested or witnessed, and the manner in which any such document shall be so attested or witnessed; 15
- [(e)](d) the conditions upon which any [**conveyancer, notary public, land surveyor, mine surveyor or other**] person may conduct any search in the [**Mining Titles**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office, and the precautions which shall be taken to ensure preservation of the records from damage by improper handling or otherwise; 20
- [(f)](e) the transmission by the Director-General to any [**mining commissioner**] Regional Manager, registrar of deeds, Surveyor-General or other officer, of returns of [**deeds of transfer, deeds of grant, certificates of title, mortgage bonds and other**] rights registered or recorded in the [**Director-General's office**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office, and the manner [**and**], form [**of**] and times for transmitting such returns; 25 30
- [(g)](f) the conditions under which copies of deeds, diagrams, plans and other documents registered, recorded or filed in the [**Mining Titles**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office may be issued for judicial [**purposes**] or [**for purposes of**] information purposes [**or in substitution for deeds or other documents which have been lost, destroyed, defaced or damaged, and the conditions under which extracts from registers or from any documents registered or filed in the said office may be furnished**]; 35 40
- [(h)](g) the manner and form in which consent shall be signified to any cancellation, cession, part payment, reduction of cover, release or amendment of or other registerable transaction affecting any bond or other document registered in the [**Mining Titles**] Mineral and Petroleum Titles Registration Office; 45
- [(i)](h) the conditions under which a copy of a power of attorney and diagrams, plans and other documents may be accepted by the Director-General in lieu of the original;
- [(j)] **the forms of deeds which shall be used in circumstances not provided for in this Act or in the Mining Rights Act, 1967, or any other law;** 50
- (k)[(i)] the records which may be destroyed in terms of [**the proviso to**] section 5 (1) (a) or replaced in terms of section 6(1)(d); and
- [(l)](j) any matter which under this Act or any other law is required or permitted to be prescribed.”; 55

WYSIGINGSWET OP DIE  
REGISTRASIE VAN MYNTITELS, 2003

Wet No. 24, 2003

- (a) die ampsgelde [(as daar is)] wat bereken moet word vir enige handeling [of aangeleentheid of enigiets wat in of in verband met die Mynbriewekantoor verrig moet of kan word] in hierdie Wet bepaal, met inbegrip van enige verslag wat die Direkteur-generaal aan die hof verstrek in verband met 'n aansoek of geding waarby hy of sy nie 'n party is nie; 5
- [(b)]
- [(c)](b) die tydstop, wyse waarop en vorm waarin [en die kwalifikasies van die persoon deur wie] 'n akte, diagram, plan of ander dokument wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels ingedien, geregistreer of bewaar moet of kan word, opgestel, oorhandig, ingedien, verly, geregistreer[,] of bewaar [of oorhandig] moet word [, en die tydperk waarin 'n akte verly moet word]; 10
- [(d)](c) die [besondere] dokumente wat, wanneer hulle in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels voorgelê word, geattesteer of deur getuies bevestig moet wees, en die wyse waarop so 'n dokument aldus geattesteer of bevestig moet word; 15
- [(e)](d) die voorwaardes waarop 'n [transportbesorger, dokument, landmeter, mynoppas of iemand anders] persoon gegewens in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels mag opspoor, en die voorsorgmaatreëls wat getref moet word om stukke teen beskadiging deur verkeerde hantering of andersins te vrywaar; 20
- [(f)](e) die deursending deur die Direkteur-generaal aan 'n [mynkommissaris,] Streekbestuurder, registrateur van aktes, Landmeter-generaal of ander beampte, van opgawes van [aktes van oordrag, aktes van toekenning, sertifikate van titel, verbande en ander] regte wat in die [Direkteur-generaal se kantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels geregistreer of aangeteken is, en die wyse waarop, vorm waarin en tye wanneer daardie opgawes deurgestuur moet word; 25
- [(g)](f) die voorwaardes waarop kopieë van aktes, diagramme, planne en ander dokumente wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels geregistreer of aangeteken is of daarin bewaar word, vir geregtelike of inligtingsdoeleindes [of ter vervanging van verlore, vernietigde, onleesbaar geworde of beskadigde aktes of ander dokumente uitgereik mag word, en die voorwaardes waarop uittreksels uit registers of uit dokumente in bedoelde kantoor geregistreer of bewaar,] verstrek mag word; 30
- [(h)](g) die wyse waarop en vorm waarin toestemming verleen moet word tot rojering, sessie, gedeeltelike afbetaling, vermindering van dekking, vrystelling of wysiging van 'n verband of ander dokument wat in die [Mynbriewekantoor] Registrasiekantoor vir Minerale- en Petroleumtitels geregistreer is, of tot 'n ander registreerbare regshandeling wat daarop betrekking het; 35
- [(i)](h) die voorwaardes waarop die Direkteur-generaal 'n kopie van 'n prokurasie en diagramme, planne en ander dokumente in plaas van die [prokurasie self] oorspronklike mag aanneem; 40
- [(j)] die vorms van die aktes wat in omstandighede waarvoor hierdie Wet of die Wet op Mynregte, 1967, of ander wetsbepalings geen voorsiening maak nie, gebruik moet word;] 45
- [(k)](i) die stukke wat ingevolge [die voorbehoudsbepaling by] artikel 5(1)(a) vernietig mag word of ingevolge artikel (6)(1)(d) vervang mag word; en 50
- [(l)](j) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wetsbepaling voorgeskryf moet of kan word.”; 55

**Act No. 24, 2003 MINING TITLES REGISTRATION AMENDMENT ACT, 2003**

(b) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:

“(1A) No regulation relating to State revenue or expenditure may be made by the Minister except with the concurrence of the Minister of Finance.”; and

(c) by the deletion of subsection (3).

5

**Substitution of section 11 of Act 16 of 1967**

11. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

**“Registers**

11. The Director-General shall prepare, open and keep such registers as may be necessary to enable him or her to carry out the provisions of this Act.”.

10

**Substitution of section 12 of Act 16 of 1967**

12. The following section is hereby substituted for section 12 of the principal Act:

**“Continuation of existing registers during the transitional period**

12. The Director-General shall continue during the transitional period referred to in Schedule II to the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, to keep the corresponding register in use in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office immediately prior to the commencement of this Act and to continue to make the necessary entries therein.”.

15  
20**Insertion of section 12A in Act 16 of 1967**

13. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 12:

**“Lodgement**

12A. (1) The holder of the right granted in terms of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002, shall lodge his or her right for registration in the prescribed manner and on payment of the prescribed fees.

25

(2) The holder shall lodge together with deeds or other documents for registration, a plan or a diagram depicting the area of the right.

(3) Any registration of a variation, amendment, modification, deduction, abandonment or cancellation shall be accompanied by a plan or a diagram depicting the area affected.

30

(4) All diagrams lodged in the Mineral and Petroleum Titles Registration Office shall be approved, confirmed or certified by the office of the Surveyor-General.”.

35

**Substitution of section 13 of Act 16 of 1967**

14. The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

**“When registration takes place**

13. (1) Deeds executed or attested by the Director-General shall be deemed to be registered upon the affixing of his or her signature on the relevant document.

40

